# AREA 8 INLIGTING

**HENNENMAN:**

Takfoto **(Foto 1)**

Lede van Hennenmantak het aktief deelgeneem aan die Miami kompetisie en pragtige brode is gebak.

Tydens hulle "Naaldwerk" het een van die klerewinkels in Hennenman, Attitude, met hulle kom gesels oor "Koop van klere". Hulle het winskope saamgebring en so kon die dames ook sommer een van die dorp se besighede ondersteun.

'n Heerlike "Kreatiewe" vergadering is gehou **(Foto 2).** Lede het bal gegooi in 'n emmer, koordanse gedoen **(Foto 3)**, 'n voorlesing uit 'n boek van Nataniël gehoor, Kolwyntjies versier **(Foto 4)** en "voorraad" gekry waarmee hulle 'n kreatiewe tafel moes dek.

Vir "Vandag se Vrou" het Madie vd Linde die dames kom toespreek oor "Vandag se vrou en geduld"

Elsa Mostert is baie in haar skik en die tak is baie trots op haar 4e plek in gebak **(Foto 5).**

**JUBILEUM:**

Jubileumtak hou gereeld fondsinsamelings met Bingo en Pannekoekbak.**(Foto 6)**

Die dames het hierdie jaar "Bekommerniswurms" gehekel en dit by die Onkologiesentrum in Welkom gaan aflewer **(Foto 7)**

Trudie Erasmus (breiwerk) en Nelia van Wyk (borduurwerk) behaal eerste plekke by die VVLU-kongres met hulle artikels.

Tydens 'n takvergadering leer hulle hoe om Fondantrosies te maak. **(Foto 8)**

Tydens die "Welwillendheid"-vergadering was die spreker Dr. Jackie Botes, stigter van House of Hope en die tak het 'n klompie babaprodukte aan hulle oorhandig vir gebruik by die huis **(Foto 9)**.

Lede van Jubileumtak woon ook die vergadering van die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging by Welkomtak by.

'n Paar dames leer ook hoe om laslapwerk te doen.**(Foto 10)**

**VENTERSBURG:**

Ventersburg lede onderneem 'n heerlike uitstappie na Habby & Lace in Vereeniging en kom met 'n propvol bussie terug **(Foto 11)**.

Die Laslappiegogga het die tak gebyt en heerlike werksklasse word gehou en pragtige laslapwerk sien die lig. Die artikels word trots uitgestal tydens 'n takvergadering. **(Foto 12,13)**

‘n Baie interessante “Pak jou tas”-vergadering word gehou toe dames die geleentheid kry om virtueel deur Namakwaland te reis. ‘n Demonstrasie oor die maak van Lapsakkies vir wynbottels word ook gedoen.

**<u>VIRGINIA:</u>**

Virginiatak se lede leer met groot entoesiasme om Laslapwerk te doen. Die ervare taklede doen moeite om die jong lede in te lei in die wonder van Laslap en baie produktiewe werkswinkels word gehou. **(Foto 14, 15)**

Tydens die vergadering met die tema “Die vrou in haar omgewing” deel ‘n taklid baie interessante inligting oor “Bye” met die lede.

Virginia en Welkomtakke het op dieselfde dag ‘n vergadering gehou met die tema “Welwillendheid”. Hulle was bevoorreg om besoek te ontvang van Pieter van Niekerk en Alicia Joubert van die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging en twee gidshonde. Baie interessante inligting oor die honde en die vereniging is met lede gedeel. **(Foto 16)**

Worsbroodjies word verkoop vir fondsinsameling vir die tak **(Foto17)**

Joane Little kom lig die dames in oor die belangrikheid van ‘n testament. **(Foto 18)**

**<u>WELKOM:</u>**

Baie interessante vergaderings word maandeliks aangebied. ‘n Patoloog van Welkom het haar werksaamhede met lede kom deel. Tydens die ‘Gesondheid”-vergadering het lede meer inligting oor Homeopatiese middels en die versorging van Alzheimerpasiënte ontvang. Vir “Pak jou Tas” is besluit om Mosaïek Begrafnisdienste te vra om dames te kom voorberei op “die laaste reis”. Baie interessante inligting is gedeel oor testamente, inligting wat na afsterwe benodig word en hulp wat gebied word tydens en na afsterwe.

Welwillendheidvergadering stel ons bekend aan Pieter van Niekerk en Alicia Joubert van die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging. Hulle deel hulle honde, vreugdes en leed met ons en verduidelik hoe te werk gegaan word om honde op te lei en hoe hulle ondersteun kan word. Lede van Jubileumtak, asook lede van die Rapportyers en ander instansies in Welkom woon ook die vergadering by. **(Foto 19)**

‘n Taklid het dames geleer hoe om Roosplantjies in te lê.

Pragtige laslapskinkbordlappies is deur beginners gemaak.

Welkomtak is baie betrokke by die gemeenskap. Mussies en kleertjies vir premature babas is aan Bongani Hopitaal geskenk. ‘n Tee is gehou met Isabel Kruger as spreker, waar dames die geleentheid gekry het om Kolwyntjies te versier en dan ‘n skenking te maak vir Cupcakes of Hope wat hulp verleen aan kindertjies met kanker

**(Foto 20,21,22)**. Dit was ook terselfdentyd ‘n fondsinsameling vir die tak wat 2025 se konferensie reël.

Weekliks besoek taklede Silver Village, ‘n tehuis vir bejaardes met verskillende grade van Alzheimers. Bybelstudie en ander lekker handvaardighede word met die bejaardes gedoen **(Foto 23).**

Tydens die Naaldwerkvergadering is hard gewerk om geskenkies vir die Konferensiegaste van 2025 te maak.

In Oktober word Kolwyntjies vir kankerpasiënte en verversings vir personeel by die Onkologiesentrum in Welkom beplan.

Area 8 het ook met oorgawe in die takke deelgeneem aan die Miami-kompetisie. **(Foto 24).** ‘n Groot aantal mooi versierde sakke is ook saamgeneem Kongres toe vir die Choc-projek.

Die Area het ook die lede aangemoedig om lede te help om Laslapwerk baas te raak. Die “nuwe” laslappers kon ‘n skinkbordlappie maak en die wenner in elke tak het dan ook ‘n prys, wat deur die Area geborg is, ontvang. Takke het regtig baie moeite gedoen daarmee..